Hoërskool Tuine

SEKSUELE TEISTERING BELEID

255 Bornmann Straat, Pretoria Tuine, 0082
Posbus 48066, Hercules, 0030 Tel (012) 379-6181
Epos: admin@hstuine.co.za hoof@hstuine.co.za

INHOUD

1. Inleiding
2. Wetlike Raamwerk
3. Die Doel van die Beleid ood Seksuele Teistering
4. Aanspreeklikheid en Verantwoordelikheid
5. Woordomskrywings
6. Oortreding van die Beleid
7. Valse Bewerings/Meineed oor Seksuele Teistering
8. Toepassing van die Beleid
9. Die Slagoffers
10. Die Teisteraars
11. Seskuele Teistering van Leerders deur Opvoeders en Ander Personeellede
12. Seksuele Teistering van Seuns
13. Seksuele Teistering van Dogters
14. Seksuele Teistering van Leerders deur Derde Partye
15. Junior Leerders betrokke by Seksuele Teistering
16. Omskrywing van Seksuele Teistering/Intimidasie
17. ‘n Litmus Toets
18. Seksuele Aanranding/Geweld
19. Gedrag wat nie as Seksuele Tesitering gereken word nie
20. Vertroulikheid in Ondersoeke/Klagtes/Voorvalle
21. Aanmelding van Insidente van Seksuele Teistering
22. Die Ondersoek van ‘n klag van Seksuele Teistering
23. Riglyne vir die ondersoek in geval van Seksuele Teistering
24. Alternatiewe Dispuutmeganisme
25. Indien die uitslag van ‘n klag geregverdig blyk te wees - sanksies
26. Appél prosedure
27. Onafhanklike hersiening van ‘n uitslag
28. Vertroulikheid en Rekordhouding
29. Die saak is verby wat nou?
30. Bekendmaking van die implikasies van die beleid aan belang-hebbendes in die skoolgemeenskap
31. Hersiening van die Beleid

Bronnelys
Bylae A - Aanmeldingsvorm
Bylae B - Proformavorm – Aanstelling van ‘n Ondersoeker
Bylae C - Jou regte – ‘n inligtinstuk vir leerders
Bylae D - Jou verantwoordelikhede - ‘n inligtinstuk vir leerders

1. INLEIDING

Hoërskool Tuine is ‘n skool wat daarna streef om ‘n nie-seksistiese, nie-diskriminerende werk-, speel- en leeromgewing vir elke leerder daar te stel waar dit vir elkeen moontlik is om sy/haar volle potensiaal te verwesenlik. Die beskerming van menswaardigheid en ontmoediging van krenkende handelinge is ‘n integrale deel van sodanige omgewing. Dié skool erken dat seksuele teistering ‘n onaanvaarbare inbreukmaking op die kernwaardes van menswaardigheid, privaatheid en wedersydse respek en 'n vorm van onbillike diskriminasie is.

Ons lewe in ‘n samelewing waar daar daagliks boodskappe met ‘n seksuele ondertoon aan ons vertoon word. Die impak van seksuele boodskappe is verreikend en affekteer lewens van kinders op verskeie gebiede negatief meer as wat ons en hulle besef. Een van die gevolge van hierdie “boodskappe” is die onaanvaarbare gedrag – seksuele teistering.

Die term teistering verwys na ‘n reeks aanstootlike dade/gedrag (verbaal of fisies) wat een persoon teenoor ‘n ander pleeg met ‘n seksuele konnotasie. Die term seksuele teistering dek ‘n baie breë spektrum van ongewensde gedrag en sluit onder andere die volgende in: verbale vorme, nie-verbale vorme, visuele vorme en fisiese vorme. Wanneer die term in ‘n wetlike sin gebruik word verwys dit na gedrag wat bedreigend is of aanstoot gee en dus beskou kan word as algemeen onaanvaarbaar deur die samelewing. Seksuele teistering verwys na die aanhoudende en ongevraagde seksuele toenadering waar die gevolge ten nadeel van die slagoffer daarvan is.

Boeliegedrag en seksuele teistering is beide onwettige oortredings wat verskillende kriminele klagtes is soos aanranding, seksuele molestering, crimen injuria, verkragting ens. insluit.

Seksuele teistering/intimidasie is ‘n ernstige probleem in skole en is ‘n daaglikse realiteit vir baie leerders. Seksuele teistering kan op enige plek plaasvind - in die klaskamer, op die skoolterrein, gange, trappe, kleedkamers, oppad skooltoe en oppad huistoe, op die bus en selfs op die sportveld. Seuns en dogters word geteister en dit vind plaas onder teenoorgestelde geslagte maar ook onder persone van dieselfde geslag. Dit is ‘n kriminele daad in terme van die land se wetgewing, Die Wet op Seksuele Misdrywe en Verwante aangeleenthede, Wet 32 van 2007. Dit skaad die seksuele integriteit van ons jong mense in hulle verhoudings met mekaar.

Daar is ook ander beleide en dokumente in skoolverband wat seksuele teistering aanspreek ten opsigte van opvoeders en skoolpersoneel, maar hierdie beleid spel egter die prosedures en die implimentering van die beleid uit hoofsaaklik vir seksuele teistering van leerders. Ten opsigte van opvoeders en personeel van die skool is die wette en beleid met betrekking tot hulle indiensnemingsvoorwaardes van toepassing. Die oortreding van hierdie beleid lei tot verdere tugstappe en kriminele aanklagtes.

Seksuele teistering is nie ‘n onlangse verskynsel nie, dit is al so ver terug as 1911 aangemeld maar dit het eers in 1974 ‘n naam gekry to Lin Farley, ‘n sielkundige, navorsing gedoen het oor die effek van seksuele teistering in die werkplek. In 1992 het dit wêreldwyd opslae gemaak toe dit in die VSA vir die eerste keer in die Amerikaanse Hoogeregshof aangespreek is en skole en die owerhede aanspreeklik daarvoor gehou is. In Suid-Afrika het dit ook onlangs weer ter sprake gekom met verskeie sake wat aangemeld is van teistering onder leerders, opvoeders en ook opvoeders teenoor leerders.

Alhoewel nie voorheen so prominent nie, is en was seksuele teistering ‘n probleem in talle skole en gevolglik moet opvoeders, ouers en leerders deeglik kennis neem van die probleem. Daar moet gelet word op hoe dit geidentifiseer kan word, wat dit behels en die vernietigende gevolge wat dit kan hê op die akademiese en sosiale lewe van ‘n leerder wat seksuele teistering ervaar of ervaar het. Indien dit geïgnoreer word of nie aangemeld word nie, sal die oortreder voort gaan in sy aksies en moontlik ander leerlinge teiken.

Die klagte van seksuele teistering is al in Graad 1 (en selfs in sommige gevalle in Graad R) aangemeld. Seksuele teistering kom volgens navorsing voor vanaf graad 5 tot die hoër grade. Verskeie faktore kan bydrae tot die gedrag, die oortreder kan self ‘n slagoffer wees van seksuele misdade, huislike omstandighede, blootstelling aan onaanvaarbare seksuele praktyke en groepsdruk. Die probleem kom meer algemeen in graad 6 tot 8 voor wanneer die puberteitsontwikkeling plaasvind.

Opvoeders moet ook bedag daarop wees dat seksuele teisteraars die slagoffer van seksuele mishandeling mag wees of op die punt staan om ‘n seksuele jeugoorteder te word.

Baie opvoeders is van mening dat sulke gedrag niks anders is as tergery of boeliegedrag is nie, en dat om dit seksuele teistering te noem, ‘n oorreaksie is. Boeliegedrag en seksuele teistering, alhoewel verwant, is nie dieselfde nie - albei is egter negatiewe gedragsvorme wat veroorsaak kan word deur, woede, vrees en ‘n gevoel van magtigloosheid. Die kind probeer om die negatiewe gevoelens te verwerk deur mag oor ‘n ander uit te oefen wat hy/sy as swakker en veragterlik mag bejeen.

Aan die teenkant moet opvoeders die normale ontwikkeling van die kind in ag neem wat gekoppel is aan die kind se seksuele ontwaking en normale puberteitsontwikkeling. Hierdie ontwikkelingsgedrag asook seksuele teistering vorm deel van die leerplan in die vak Lewensoriëntering.

Wat ookal die opvoedingsbenadering, moet seksuele teistering onder leerders onmiddelik aangespreek word. Opvoeders moet voorkomings- sowel as intervensiemaatreëls toepas. Met die voorkoming en aanspreek van seksuele teistering sal daar gevolglik ‘n atmosfeer van respek en waardigheid in die skoolmileu heers.

2. WETLIKE RAAMWERK

Die beheerliggaam en skool neem kennis van die volgende wetgewing wat verband hou met die beleid op seksuele teistering, naamlik:

- Die Handves van Menseregte van Suid-Afrika
- Die VN Handves van Regte van die Kind
- Die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998)
- Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika
- Die Skolewet van Suid-Afrika, 1996 (Wet 84 van 1996)
- Die Gautengse Skolewet
- Die Boeliebeleid van Hoërskool Tuine
- Die Gedragskode van Hoërskool Tuine

- Die Grondwet van Hoërskool Tuine
- Die kode van Goeie Praktyk oor die hantering van Seksuele Teistering (Staatskoerant van 17 Julie 1998)
- Die Nasionale Wet op Onderwysbeleid, 1996 (Wet 27 van 1996)
- Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede) 2007

3. DIE DOEL VAN DIE BELEID OOR SEKSUELE TEISTERING

Die doel van hierdie beleid is om seksuele teistering en intimidasie te voorkom, dit aan te spreek en stappe te omskryf wat geneem sal word teen enige leerder en/of ander persoon in die skoolgemeenskap wat hulself skuldig maak aan sulke gedrag en ook om die proses te bestuur. Verder word dit daar gestel om maatreëls in plek te hê om die regte van leerders te respekteer en te beskerm, veral hulle reg op veiligheid, persoonlike sekuriteit, liggaamlike integriteit, gelyke beregtiging en vryheid van diskriminasie. Die beleid is hoofsaaklik daar om ‘n omgewing te skep waarin leerders die geleentheid kan maksimaliseer om te werk, leer en speel, vry van seksuele teistering en intimidasie ingevolge die skool se visie en missie.

Die beleid sluit nie ander toepaslike beleid van die skool soos die Gedragskode en ander beleide en riglyne uit nie, maar is aanvullend daartoe. Dit sluit ook nie ander nie-dissiplinêre stappe en prosedures uit om interpersoonlike griewe op te los nie, maar streef daarna om ‘n omgewing te skep waar alle leerders vry en ongebonde kan werk, leer en speel binne die opvoedingsraamwerk van die skool sonder dat hulle sulke afbrekended negatiewe gedrag moet ervaar.

Alhoewel hierdie beleid die doelwitte uitspel om ‘n werkplek en skoolomgewing wat vry is van seksuele teistering te bevorder, is die beleid nie daar om die skoolbestuur en beheerliggaam se outoriteit te ondermyn om ander remediêre of dissiplinêre stappe vir die werkplek of skoolgedrag wat as onaanvaarbaar beskou word ter syde te stel nie, al voldoen dit nie aan die omskrywing van seksuele teistering nie.

Die primêre doelwit met die beleid:

- Die identifisering en omskrywing van seksuele teistering.
- Die bestuur van die proses rondom beweerde seksuele teistering.
- Die hantering van die inwin van getuienis en inligting.
- Daadwerklike stappe om dit te voorkom.

4. AANSPREEKLIKHEID EN VERANTWOORDELIKHEID

Die skoolhoof is aanspreeklik vir die implimentering, bestuur en instandhouding van die beleid. Dit moet so bestuur word dat vertroulikheid oor sake wat aangemeld word, deurgaans gehandhaaf word. Die hoof moet in die proses bygestaan word deur die opvoeders, personeel, beraders en die beheerliggaam en ouers van die skool.

Alle opvoeders en personeel van die skool is wetlik verplig om alle sake rakende seksuele teistering aan te meld asook waar vermoed word dat sulke gedrag plaasvind. Sulke sake moet altyd aan die hoof of sy gemagtigde wat spesifiek deur hom aangewys is, aangemeld word.

Enige optrede of verwerping van ‘n persoon wat hulle teenkanting teen seksuele teistering uitspreek of ander bewus maak indien dit plaasvind, is ontoelaatbaar en is gronde vir dissiplinêre optrede.

5. WOORDOMSKRYWINGS

In hierdie beleid, tensy anders bepaal of uit die samehang anders blyk, het woorde en uitdrukkings dieselfde betekenis as in die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) en betrokke wetgewing en beteken-

“aangeklaagde” die leerder/persoon teen wie bewerings/aanklagtes van seksuele teistering gemaak word.

"beleid oor seksuele teistering" die beleid in hierdie dokument vervat;

“beheerliggaam" die beheerliggaam van Hoërskool Tuine soos voorsien in artikel 16 van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASW) (Wet 84 van 1996);

"Grondwet" die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996);

“Intimidasie” ‘n handeling ingevolge waarvan ‘n persoon druk uitoefen, dwang toepas of deur dreigemente poog om ‘n ander te oorreed om te handel op ‘n wyse wat laasgenoemde persoon uit eie vry wil nie sou handel nie (ongeag of die poging suksesvol is al dan nie).

“klaer” die leerder wat ‘n klag indien van seksuele teistering/ intimidasie.

“Seksuele teistering” Enige handeling met ‘n seksuele konnotasie of ondertoon wat kan lei tot dissiplinêre optrede ingevolge die skool se gedragskode, strafregtelike vervolging of ‘n deliktuele eis asook enige onregmatige handeling ingevolge waarvan ‘n individu se reg op ‘n veilige, nie-intimiderende werk-, speel- of leeromgewing aangetas word deur onder andere onwelkome seksuele toenadering; versoeke vir seksuele gunste waar die persoon wat die versoek rig in die posisie is om onder andere positiewe akademiese en ander prestasie-beoordelings te maak; vernederende en/of krenkende verbale en nie-verbale handelinge met ‘n eksplisiete of implisiete seksuele konnotasie of ondertoon. (Hierdie begrip word ook verder in die beleid in meer besonderhede aangespreek)

"skoolhoof" die skoolhoof van die skool soos bedoel in die Suid-Afrikaanse Skolewet, asook 'n opvoeder by die skool wat met goedkeuring van die skoolhoof en die beheerliggaam namens die skoolhoof handel;

"skool" Hoërskool Tuine;

"ouer"-(a) die biologiese of aanneem-ouer of wettige voog van 'n leerder. (b) die persoon met wettige aanspraak op sorg vir 'n leerder; of (c) die persoon wat onderneem om die verpligtinge van 'n persoon in paragrawe (a) en (b) ten opsigte van die leerder se opvoeding op skool na te kom;

“dokumentasie” wat die volgende insluit

- notas of briewe van ouers
- Mediese sertifikate van mediese praktisyns of enige sielkundige, psigiatriese of maatskaplike verslae.
- Notas, briewe en verklarings van ‘n leerder.
- Aantekening en tekeninge van die persoon wat die bewerings van seksuele teistering ondersoek of wat die klag indien
- Enige ander vorm van inligting of bewyse wat gebruik kan word om die klag te verifieer.
- Enige ander inligting vervat oor die leerders betrokke, wat op enige lêer in geskrewe of elektroniese formaat voorkom by die skool.
-

“leerder” enige persoon wat onderrig ontvang by die skool in terme van die Suid-Afrikaanse Skolewet en Guatengse Onderwyswetgewing en regulasies.

“seksuele aanranding/geweld” is die fisiese daad of dreigement van aggressie of mag of ‘n dreigement wat die aanraking van ‘n ander se skaamdele insluit, of om ‘n ander persoon te forseer om ‘n ander of sy/haar eie skaamdele aan te raak of enige ander liggaamsdeel en ten doel het om die persoon te intimideer, te beseer of tot so ‘n persoon se dood kan lei.

“skaamdele” is die primêre geslagsdele van ‘n persoon, lies, binnebeen, boude en/of borste so wel as enige kledingstuk wat sulke liggaamsdele bedek.

“viktimisasie” die onregmatige benadeling (of dreigement daartoe) van ‘n leerder, opvoeder, ouer en enige ander persoon op die skoolterrein wat sy/haar regte uitoefen, of afdwing of poog om dit uit te oefen en/of af te dwing.

6. OORTREDING VAN DIE BELEID

Dit is ‘n oortreding van hierdie beleid vir enige leerder, opvoeder, personeellid en ouer om ‘n ander leerder of leerders seksueel te intimideer en/of te teister en in die uitvoering van hulle pligte /regte te verhinder deur sekere gedrag soos in hierdie beleid omskryf of deur enige elektroniese kommunikasiemiddel, geskrewe, elektroniese, gedrukte media ‘n leerder of leerders by boodskappe, grappe, tekeninge, videos, MP3/MP4, DVD snitte van enige seksuele aard te betrek.

Dit is ‘n oortreding van hierdie beleid vir enige leerder, opvoeder, personeellid en ouer om ‘n ander ouer, opvoeder of opvoeders en skoolpersoneel seksueel te intimideer en/of te teister en in die uitvoering van hulle pligte/regte te verhinder deur sekere gedrag soos in hierdie beleid omskryf of deur enige kommunikasiemiddel, geskrewe, elektroniese, gedrukte media ‘n leerder of leerders by boodskappe, grappe, tekeninge, videos, MP3/MP4, DVD snitte van enige seksuele aard te betrek.

Daar rus gevolglike ‘n verpligting op elke ouer, opvoeder, leerder en ander personeellede van die skool om seksuele teistering te verhoed en te voorkom en dit dadelik aan te meld by die opvoeder aan diens.

Die skool sal gevolglik enige klagte, formeel en/of informeel, ondersoek of dit mondelings of geskrewe ingedien is met betrekking tot enige vorm van seksuele teistering. Ondersoeke sal met die nodige erns en waardigheid geskied en daar sal stappe geneem word teen enige persoon as daar bevind word dat hulle die beleid oortree het.

7. VALSE BEWERINGS/MEINEED OOR SEKSUELE TEISTERING

Die skade wat ‘n vals klag aan ‘n onskuldige party se reputasie, eer en persoon maak is geweldig vernederend en kan lewenslange gevolge hê. Enige persoon wat dus valse getuienis aflê, of ter kwade trou valse bewerings maak of meineed pleeg teen enige persoon of wat vergeldingstappe neem teen enige party wat klagtes indien oor enige seksuele teistering of getuies is teen ‘n ander persoon wat ‘n spesifieke geval ondersoek, is skuldig aan ‘n oortreding van die skool se gedragskode asook die land se wetgewing.

Die beheerliggaam sal nie huiwer om stappe teen so ‘n leerder/persoon te neem nie, hetsy in skoolverband, kriminele klagtes teen so ‘n persoon by die owerhede en/of siviele geding(e) wat aanhangig gemaak kan word.

Vergelding sluit in maar is nie net beperk tot, enige vorm van intimidasie, aanranding, geweld, weerwraak, boeliegedrag of teistering.

Hierdie beleid verhoed nie en tas nie die regte aan van so ‘n gegriefde persoon wat valslik beskuldig word, om ook ander alternatiewe metodes of regstappe in te stel om klagtes op te volg nie.

8. TOEPASSING VAN DIE BELEID

Die beleid is van toepassing op enige leerder, opvoeder, personeellid en enige ander persoon wat die skool terrein betree of aan enige amptelike skoolaktiwiteit deel neem. Indien die gedrag nie plaasvind op die skoolterrein of tydens ‘n amptelike skoolaktiwiteit nie en dit bewys kan word dat die gedrag die skool se goeie naam en eer skaad of geskaad het, kan die beleid toegepas word.

9. DIE SLAGOFFERS

Seuns, dogters, opvoeders, ouers en skoolpersoneel kan slagoffers van seksuele teistering in die skoolopset wees. Seksuele teistering kan plaasvind tussen sowel lede van dieselfde geslag as lede van die teenoorgestelde geslag. Teistering is daarop gemik om ander in ‘n magtelose posisie te plaas en die persoon te traumatiseer en hulle reg op opvoeding te versteur.

10. DIE TEISTERAARS

Teisteraar(s) kan 'n meerdere (in ‘n hoër graad of ‘n ouer leerder wees of selfs opvoeder of ‘n ander volwassene), gelyke (in dieselfde klas/graad of selfde ouderdom) of 'n jonger leerder of leerders of ‘n spesifieke groep leerders wees. Meer as een leerder kan ‘n ander op ‘n slag teister of ‘n groep leerders kan ‘n ander groep teister. Dit kan ook gebeur dat slagoffers teisteraars word.

Teistering vind gewooonlik plaas in omstandighede en plekke waar daar min of geen toesig is nie, soos:

- Pouse
- Skoolbusse
- Kleedkamers
- Gange
- Tydensklaswisseling
- Voor en net na Skool
- Klaskamer terwyl die opvoeder uit is
- Sportaktiwiteite

11. SEKSUELE TEISTERING VAN LEERDERS DEUR OPVOEDERS EN ANDER PERSONEELLEDE

Dit is werklike ernstige en weersinswekkende gedrag en ‘n kriminele oortreding as opvoeders leerders seksueel teister. Dit is ‘n oortreding van die SACE etiese kode en die Wet op die Indiensneming van Opvoeders sowel as ander wetgewing. Die opvoeder is in ‘n vertrouens- en gesagsposisie geplaas teenoor die leerder. Die verhouding tussen ‘n opvoeder en leerders is een wat op wederkerige vertroue gebou is en dus ‘n spesiale een want opvoeders is in ‘n posisie van gesag teenoor leerders plaas. Opvoeders is verder verplig om enige verhoudings streng professioneel te hou. Seksuele teistering tussen die twee partye kan enige van die vorme aanneem soos in die beleid omskryf en kan selfs oorgaan in seksuele molestering, aanranding en verkragting.

Seksuele teistering is duidelike gronde vir ontslag en kriminele vervolging soos verskeie hofsake onlangs getoon het. Byvoorbeeld indien ‘n opvoeder grappe van ‘n seksuele aard of grappe met seksuele ondertone aan leerders vertel of vertel waar leerders dit kan hoor al is dit nie aan hulle gerig nie en versuim om op te hou daarmee nadat hy/sy daaroor gewaarsku is, kan veroorsaak dat dit gronde vir ontslag is.

Ingelyks kan enige personeellid/werknemer van die skool ook ontslaan word en krimineel vervolg word indien hy/sy hulself skuldig maak aan ongeoorloofde gedrag in terme van hierdie beleid.

12. SEKSUELE TEISTERING VAN SEUNS

Studies toon aan dat die meeste slagoffers van seksuele teistering en aanranding dogters is. Maar seuns kan en is ook slagoffers van hierdie negatiewe gedragspatroon. Volgens opnames onder seuns word hulle deur ander seuns geteister deurdat hulle meesal die teiken van seksuele grappe, verkleinerende opmerkings van ‘n seksuele aard en -ondertone, handelinge, gebare soos ontbloting en ongevraagde aanraking is, en oor hulle voorkoms, liggaamlike bou, liggaamsdele en/of gelaatstrekke moet verdra.

Twee keer soveel seuns as dogters meld aan dat hulle as “gay” ge-ettikeer word en het aangedui dat dit vir hulle een van die mees vernederende beledigings is. Gelyke getalle seuns en dogters het aangedui dat hulle ongevraagd blootgestel is aan seksuele prente, illustrasies, boodskappe, notas en pornografie hetsy deur middel van selfone, graffiti, notas op die internet en die gedrukte

media. Seuns word ook meesal in die kleedkamers geteister of tydens sport-oefeninge waar hulle in die teenwoordigheid van ander moet verklee of deelneem aan sport of oefeninge.

Dogters teister verder seuns deur dieselfde negatiewe gedrag te openbaar soos hierbo genoem en ook hulle te teister byvoorbeeld, deur hulself aan hulle te ontbloot en **"uit te nooi"** om aan hulle te vat om sodoende die seun te verkleineer en/of in die verleentheid te stel. Hierdie gedrag is uitlokkend en soms gebruik dogters dit om die seuns aan te kla van seksuele teistering/aanranding of hulle af te pers. Alhoewel seuns aangemeld het dat hulle nie so ontstel word deur seksuele teistering van dogters nie, vermoed navorsers dat sommige seuns die "seksuele aandag" geniet of net nie wil erken dat dit hulle onstel nie. Die persoonlike verhouding tussen die seun en dogter speel ook 'n rol en het seksuele teistering onder ouer suster en jonger broer ook al voorgekom en omgekeerd.

Dit is egter opvallend dat minder seuns sulke onaanvaarbare gedrag sal aanmeld as dogters en is hulle meer bang vir vergelding. Seuns word deur groepsdruk verhoed om dit te doen. Daarom moet seuns werklik aangemoedig word om die onaanvaarbare gedrag aan te meld en ingelig word dat sulke gedrag onwettig, emosioneel en sosiaal afbrekend is.

13. SEKSUELE TEISTERING VAN DOGTERS

Dogters is meer bewus van seksuele teistering deurdat die samelewin meer gefokus is om hulle daaroor in te lig en van kleins af bewus te maak van negatiewe gedrag van die manlike geslag. Daarteenoor is daar die indruk by sekere seuns dat as 'n dogter "nee" sê, sy eintlik "ja" bedoel. Hierdie is 'n mite wat wyd en syd verkondig word onder seuns en selfs deur sommige volwasse mans geglo word.

Weens verskeie negatiewe faktore soos huislike omstandighede en kulturele verskille is dit geoorloofde gedrag om dogters/vrouens aan te rand, seksueel te teister en selfs seksuele aanranding en dade teenoor hulle te pleeg en dat dit die "plig" is van seuns of mans om daardeur hulle "manlikheid" ten toon te stel.

Dogters kan ook ander dogters teister wat meesal verbaal van aard is asook om hulle te isoleer en uit te sluit deur middel van kliekvorming, skinderstories en elektroniese teistering. Dogters is ook meer geneig as seuns om notas en veral deur middel van graffiti "stories" oor ander te versprei en maak ook dikwels gebruik van selfone en die internet ("You Tube", "My Space" en "Face Book" is veral populêre webwerwe vir die doel).

Verkragting en seksuele aanranding van dogters kom al hoe meer voor onder die skoolgaande jeug van Suid-Afrika wat gestaaf word deur 'n navorsingsverslag van die Internasionale Organisasie "Human Rights Watch". Die meeste gevalle het begin as seksuele teistering of ongepaste hofmakery (grooming) wat nie betyds aangespreek is nie. Die hartseer gevolg is dat al hoe meer dogters die verkeerde persepsie het en "aanvaar" dat seksuele teistering deel is van skoolgaan en iets is wat maar verdra moet word.

14. SEKSUELE TEISTERING VAN LEERDERS, OPVOEDERS, SKOOL-PERSONEEL EN OUERS DEUR DERDE PARTYE

Seksuele teistering van ‘n leerder, enige opvoeder van die skool of enige ander skoolpersoneellid en ouer van die skool deur ‘n derde party wat nie by die skool betrokke is nie, (bv ‘n ouer, leerder(s), onbekende volwassene, familielid of leerder(s) van ‘n ander skool) is ook ‘n oortreding van die persone se regte ingevolge die Grondwet van die land en die Guateng Skolewet en moet dit dadelik opgevolg word en die nodige klagte teen die persoon by die owerhede of die ander skool se hoof ingedien word.

15. LEERDERS BETROKKE BY SEKSUELE TEISTERING

Indien leerders betrokke is, mag dit dalk nodig wees om vas te stel in watter mate hulle verstaan dat seksuele teistering teenoor hulle gepleeg is of hulle betrokke daarby is en die mate wat hulle enige besware kan artikuleer. Die persoon wat die klag ontvang/ondersoek moet ook die aard van die insident en ander relevante faktore wat betrokke is in ag neem en of die leerder begrip/kapasiteit toon om die oortreding en term seksuele teistering te verstaan.

Junior leerders word so baie met geweld en seksuele beelde op TV en in flieks, eksplisiete lirieke van pop-liedjies en self in huislike omstandighede gekonfronteer, dat hulle moeite het om te verstaan dat dit nie aanvaarbare gedrag in ‘n normale beskaafde samelewing is nie. ‘n Navorser stel dit as ‘n eenvoudige gebrek aan selfrespek en goeie maniere wat nie meer in die huislike omstandighede aangeleer word nie.

16. OMSKRYWING VAN SEKSUELE TEISTERING/INTIMIDASIE

16.1 Definisie

Enige eksplisiete en/of implisiete en/of blatante en/of overte en/of onwelkome en/of ongevraagde gedrag wat van ‘n seksuele aard is. Sulke gedrag mag ‘n direkte of indirekte effek hê op ‘n persoon se gevoel van sekuriteit, veiligheid, akademiese en/of sosiale vordering/gedrag. Die term word verder hieronder bespreek en uiteengesit.

(i) Persepsies oor seksuele teistering

Daar bestaan uiteenlopende persepsies ten opsigte van wat seksuele teistering behels. Dit is nie oor seks nie. Dit gaan oor aggressie en vyandigheid. Dit is oor ‘n vrees vir ‘n ander se suksesse. Dit is oor ‘n gevoel van magsoorwig oor ‘n ander. Soms sal ‘n persoon met ‘n baie lae selfbeeld of swak sosiale vaardighede ander seksueel treiter om aandag op hom/haar te vestig.

Wat ookal die motief, seksuele teistering kom in ‘n breë verband voor soos onwelkome seksuele aandag, seksistiese of suggestiewe aanmerkings, omkopery/afpersing (byvoorbeeld positiewe belonings/sanksies vir seksuele gunste) tot aggressiewe gedrag en selfs poging tot of werklike verkragting.

Om vas te stel of seksuele teistering wel plaasgevind het, is nie altyd voor die hand liggend nie. Seuns en dogters interpreteer seksuele teistering op verskillend maniere. Dogters sien meesal die slagoffer as getraumatiseer en seuns dink die slagoffer moet eerder gevlei wees deur die aandag. Die impak op ‘n seun kan nie afgewater word nie. Seuns is geneig om nie hulle emosies te toon nie.

‘n Toevallige opmerking of grappie in slegte smaak is nie ‘n wettige oortreding nie, dit kan egter ‘n oortreding van die skool se gedragskode wees en leeders moet aangemoedig word om sulke opmerkings en gedrag wat hulle ongemaklik laat voel aan te meld. Indien die gedrag opvoeder/volwassene-tot-leerder, leier-tot-ander leerder, ouer leerder-tot-jonger leerder is en die persoon gebruik sy/haar posisie van mag oor die leerder om die leerder se seksualiteit te manipuleer en te beheer, is dit seksuele teistering (al verwelkom en aanvaar die leerder dit).

Baie leerders kan ‘n enkele ongevraagde, onsmaaklike opmerking ignoreer en aangaan met hulle daaglikse roetine sonder dat dit hulle enigsins affekteer, maar as die slagoffer kwesbaar en sensitief is, moet die skool optree en ‘n veilige, geborge leeromgewing daar stel.

Alhoewel die reël is of die gedrag ‘n redelike persoon sal ontstel, is elke leerder nogtans geregtig op ‘n positiewe teistervrye skoolomgewing. Aan die ander kant kan ‘n enkele insident met seksuele konnotasies so ernstig en aanstootlik wees vir ‘n leerder dat daar van geen leerder verwag kan word om dit te aanvaar nie. So ‘n insident sal dus duidelik seksuele teistering wees.

Wanneer seksuele aspekte en gesinsbeplanning egter ‘n onderwerp van bespreking in die formele opvoedingsituasie is, soos byvoorbeeld in Lewensoriëntering, mag leerders hulle menings gee, selfs al is dit bevooroordeeld of onpopulêr met die ander in die klas solank as hulle nie die regte van individuele leerders aan tas of direk of indirek na hulle verwys nie. In so ‘n geval moet die opvoeder in beheer tussen beide tree en die leerder(s) daarop wys dat hulle opmerkings ander se regte aantas en grens aan seksuele teistering. (Sien Bylae C oor die regte en verantwoordelikhede van leerders oor seksuele teistering).

(ii) Seksuele teistering dek dus 'n breë spektrum van ongewenste gedrag en sluit onder meer die volgende in:

- **Verbale vorme** soos onwelkome navrae en opmerkings oor 'n persoon se seksualiteit, telefoonoproepe en gesprekke met 'n seksuele ondertoon, volgehoue growwe of seksistiese grappe/aanmerkings, onwelkome versoeke vir afsprake, opmerkings ten opsigte van 'n individu se figuur, ens.
- **Nie-verbale vorme** soos gebare met 'n seksuele betekenis, aangluring ("leering"), volgehoue onwelkome aandag, ens.
- **Visuele vorme** soos die uitstalling van pornografiese fotos, spotprente, voorwerpe, ens., wat 'n vyandige omgewing skep.
- **Fisiese vorme** soos onwelkome aanraking, betasting, aanranding, molestering en verkragting ("patting, pinching, fondling and kissing").
- **Quid pro quo vorme** (Latyn vir “iets vir iets”) soos seksuele omkopery (die belofte van byvoorbeeld bevordering in ruil vir gunste van 'n seksuele aard of

geskenke en gawes) en seksuele afpersing (die weerhouding van byvoorbeeld bevordering indien daar nie toegegee word aan gunste van 'n seksuele aard nie).

- **Vyandige (toksiese) omgewing ("hostile environment")** 'n vyandige omgewing vind plaas wanneer onwelkome seksuele gedrag (teistering) so ernstig en deurdringend en onaangenaam is sodat dit onuithoudbaar en nie verdra kan word nie (aanhoudend en herhalend) is dat dit 'n leerder verhoed om ten volle (gelukkig en geborge) aan die skool se akademiese program en ander aktiwiteite deel te neem.

16.2 Klassifisering van seksuele teistering

(a) Wat beteken die term enige eksplisiete en/of implisiete en/of blatante en/of overte en/of onwelkome en/of ongevraagde gedrag?

- Dit beteken die persoon wat geteiken word vir seksuele teistering/intimidasie nie ingestem het tot die gedrag of verbale en ander vorme van kommunikasie wat van 'n seksuele aard is nie, en ook nie gereageer het met soortgelyke gedrag nie.
- Die sleutelwoord is die term onwelkome / ongevraagde gedrag / kommunikasie teenoor 'n ander gepleeg. Seksuele teistering sluit nie in om te flankeer, om met mekaar uit te gaan, of opregte komplimente teenoor 'n ander in nie. (Daar sal later in die beleid meer aandag gegee word aan die term **flankeer**).

(b) Wat beteken die uitdrukking "gedrag van 'n seksuele aard"?

In 'n poging om seksuele teistering/intimidasie te identifiseer en sulke gedrag (wat verbale en ander vorme van kommunikasie insluit, implisiet of eksplisiet) te elimineer, is daar geen eenvoudige lys van omskrywings wat sulke gedrag tipeer nie, daar is egter deur die jare deur middel van hofuitsprake en algemene norme en standaarde in die werkplek voorbeelde daarvan uitgespel. Die bestaande verhouding tussen partye is ook belangrik, maar die algemene reël bepaal dat dit enige impliste of eksplisiete onwelkome/ongevraagde gedrag, opmerkings, handelinge, gebare, subtiele druk op 'n ander vir seksuele aktiwiteite, vingertekens wat van 'n seksuele aard is of seksuele verwysings impliseer.

(c) Alhoewel dit nie moontlik is om alle onwelkome handelinge wat seksuele teistering is te noem nie, sluit dit die volgende voorbeelde in, maar is nie net beperk, daartoe nie:

- Ongevraagde/onwelkome fisieke aanraking/kontak/ kommunikasie met seksuele ondertone/ intensie met ander persone.
- Ongevraagde/onwelkome opmerkings van 'n seksuele aard.
- Verbale mishandeling/beledingings of uitskelding waar 'n persoon in seksuele terme verkleineer word of vergelyk word met liggaamsdele en/of die seksuele daad en/of vergelyk word met 'n manlike of vroulike dier of sy of haar familielede beledig word.
- Subtiele druk op 'n ander geplaas word om dade van 'n seksuele aard te pleeg of ander seksueel te teister.

- Ontoepaslike aanraking van enige deel van die liggaam wat seksuele ondertone het.
- Opsetlik op ‘n seksuele manier met die liggaam of met enige spesifieke liggaamsdeel en/of kleredrag teen ‘n ander verby te skuur en of enige liggaamsdeel of kledingstuk aan te raak of te vryf/streel.
- Geweld van ‘n seksuele aard of aggressie wat seksuele dade en/of seksuele intensie het.
- Aandring op seksuele “gunsies” of afpersing met die belofte van voorkeur behandeling wat betrekking het op akademiese, sport/kulturele en/of ander skool aktiwiteite en/of deelname daaraan betref.
- Om opsetlike ander se normale bewegings of reg van weg te blokkeer of sy/haar vas te druk,
- Die vertoon van seksuele suggestiewe voorwerpe, prente, tekeninge, klankopnames, musiek aan ander.

Waarskuwingstekens

- Hoekom help niemand my nie?
- Ek wens ek kan dit laat ophou.
- Ek haat jou omdat jy dit aan my doen.
- Ek kan nie glo dit gebeur met my nie.
- Wat is volgende?
- Hoekom Ek? Wat het ek gedoen om dit te verdien?

(d) Verder is seksuele teistering/intimidasie onaanvaarbare gedrag soos volg omskryf maar nie beperk tot die volgende:

- Dit mag gedrag wees teenoor ‘n spesifieke individu of groep individue van die teenoorgestelde geslag of van dieselfde geslag.
- Dit mag plaasvind tussen lede van dieselfde portuurgroep of tussen individue in ‘n hieragiese verwantskap, (bv ouer leerder teenoor jonger leerder, klaskaptein teenoor mede leerder, leier teenoor leerder ens.)
- Dit mag daarop gerig wees om ‘n spesifieke individu te “oorreed” of subtiel of andersins druk uit te oefen om ‘n daad of dade van ‘n seksuele aard te pleeg of om ander te oorreed om so ’n daad te pleeg of te laat pleeg.
- Seksuele teistering het geen ouderdomsbeperking nie.
- Die teisteraar behoort van beter te weet as om sulke gedrag te openbaar.
- Die gedrag en/of handeling en/of opmerkings word net weer herhaal nadat die teisteraar versoek is om dit te staak deur die persoon wat geteister word.
- Gesprekke oor seksuele onderwerpe of verander elke onderwerp in gesprekke na sulke onderwerpe waar dit nie ‘n akademiese opvoedingssessie is nie of nie van belang is nie.

(e) Seksuele teistering/intimidasie sluit in maar is nie net beperk tot die volgende gedrag/handelinge wat daarop uit is om ander te ontstel, ongemaklik te laat voel, hulle waardes/waardigheid aan te tas en/of in die verleentheid te stel:

- Om met opset ander se kledingstukke/broeke/onderklere af te trek/af te pluk.
- Om met opset ander se broeke onderklere op te pluk.
- Bostukke se knope los te maak en/of uit te trek/af te pluk.
- Bostukke met geweld af te ruk.
- Rompe of rokke met opset op te klap / op te lig.
- Soene op ander forseer.
- Om ander se skaamdele te gryp of aan te raak in die openbaar of in private omstandighede.
- Om ander seksuele beledigende/aanstootlike name/term te noem.
- Enige seksuele gemotiveerde aanraking.
- Enige verwysings na ‘n volwassene of leerder in vernederende terme wat as seksueel geinterpreteer kan word.
- Om vir enige persoon te fluit of geluide te maak.
- Om na ‘n persoon se liggaam in seksuele terme te verwys.
- Seksuele gunste en gawes te vra.
- Seksuele dade te pleeg op die skoolterrein of tydens enige amptelike skool aktiwiteite.
- Die maak en verspreiding van geskrewe/elektroniese/gedrukte notas, grappe, boeke, tydskrifte, tekeninge, prente videos, SMS’e, MP3 klankbane, CDs, DVD, videokassette van ‘n seksuele/pornografiese eksplisiete/implisiete aard, gevraagd of ongevraagd deur middel van enige apparaat/handeling en/of optrede of die vertoon daarvan aan enige leerder gevraagd of ongevraagd, aan ander te toon of dit op enige deel van ‘n skoolgebou aan te bring of te laat aanbring.
- Die besit van bogenoemde materiaal met die doel en/of intensie om seksuele teistering te pleeg of te laat pleeg.
- Die maak/uiter van enige geslagsgebasseerde opmerking met die doel om ander te verkleineer/intimideer/teister.
- Dreig om ander te verkrag/seksueel aan te rand of enige seksuele daad met hulle te pleeg of te laat pleeg.
- Seksuele aanranding/dade van watter aard ook al.
- Om kommentaar te lewer oor enige liggaamsdeel van ‘n ander persoon in ‘n seksuele konteks.
- Seksuele kommentaar of skimpe maak of vrae van ‘n seksuele aard aan ‘n ander persoon/leerder of leerders te vra.
- Onwelkome en ongure vrae en opmerkings oor seksuele fantasieë, voorkeure of geskiedenis van ‘n persoon.
- Seksuele gevloekery.
- Om skaamdele/boude te ontbloot in die openbaar en/of aan ander te toon in die kleedkamer of enige ander plek op die skool terrein of tydens enige amptelike skoolaktiwteit (“mooning” of “brown eye”).
- Graffitti van enige seksuele aard asook graffiti wat ander seksueel teister op enige deel van die skoolgebou of terrein aan te bring.
- Ongevraagde “liefdesbriefies” en simbole/geskenke van “liefde”, of persoonlike geskenke wat onvanpas is aan ‘n ander te gee.
- Ongevraagde/aandringing op uitnodigings om uit te gaan/te “kys”.

- Om ander “gay” of “lesbies” of soortgelyke terme te noem.
- Geforseer om ‘n seksuele daad te pleeg.
- Om afgeloer te word terwyl ‘n persoon verklee of stort of bad of die kleedkamer te gebruik.
- Om ander aan te gluur (“leering”).
- Om vir ander te fluit of soen geluide met die lippe te maak of lippe te klap of skreeu geluide, diere geluide, vingers te klap, hande te klap of ander geluide te maak teenoor ‘n ander leerder of groep leerders wat daarop gemik is om hulle te verkleineer of aandag op hulle te vestig in ‘n seksuele manier.
- Om ‘n ander te volg/agtervolg en seksuele gebare, taal te gebruik/voorstelle en geluide te maak (“Stalking”).
- Om ander se skouers/nek te masseer.
- Deelname aan ‘n georganiseerde poging om leerders van die teenoorgestelde geslag/selfde geslag seksueel te teister.
- Die dra van T- hempde of kledingstukke met seksuele ondertone of prente/illustrasies wat aan ander aanstoot kan gee.
- Om ‘n ander se weg te versper of hulle te keer om verby te beweeg of vas te druk/ vas te hou en voorstelle van ‘n seksuele aard te maak.
- Obsene telefoonoproepe/SMSe/Mixit boodskappe, e-posse en in kletskamers op die internet te versprei.
- ‘n Persoon wat hom/haar op enige manier self voor ander op ‘n seksuele wyse aanraak dit kan woordeloos of met met suggestiewe voorstelle of opmerkings plaasvind.
- Seksuele “sluip aanvalle” soos die gryp van borste, boude en ander liggaamsdele wat as onvanpas beskou kan word.
- Ongevraagde staaltjies/vertellinge oor seksuele optredes.
- Oordadige of onvanpasbare fisiese kontak.
- Die vertoon of berg van seksuele suggestiewe prente, visuele produkte in ‘n sluitkassie, in ‘n skooltas of enige ander voorwerp.
- Soene, omhelsings, streel of op die kop of ander dele wat as onvanpas beskou kan word.

(f) Die gevolge van teistering vir leerders

Slagoffers is baie afwesig en meer geneig om stokkies te draai.Verder ly hulle aan depressie, toon selfmoord neigings, het moeite om aandag in die klas tegee, wil nie aan klasaktiwiteite en ander skool aktiwiteite deel neem nie. Hulle verloor belangstelling in skoolwerk met gevolglike laer punte, post traumatiese stress sindroom, teruggetrokkenheid, ‘n vrees vir sekere plekke op die skool terrain en ‘n vrees vir ander leerders Hulle het selfs ‘n vrees vir seksuele oordraagbare siektes. Bogenoemde is van die gevolge wat slagoffers ondervind en wat by albei geslagte leerders voorkom.

Baie keer moet die slagoffers in dieselfde klas wees as die teisteraars wat verder trauma en angs veroorsaak. Slagoffers kan ook psigosomatiese stres simptome openbaar soos, hoofpyne,maagseer, slapeloosheid en lusteloosheid. Daar is by dogters die verdere vrees vir tienerswangerskappe en beide geslagte vrees die

opdoen van MIV/VIGS.Daarom is berading en ondersteuning van leerders deur kundiges van uitertste belang.

(g) Viktimisasie

Viktimisasie vind plaas wanneer ‘n persoon onregverdig behandel word/benadeel word indien hulle ‘n klag ingedien het en/of ander gehelp het om ‘n klag in te dien oor seksuele teistering of ‘n voorval waargeneem het, en ‘n klag daaroor ingedien het of dit aangemeld het, of ‘n getuie is in ‘n saak. Hy/sy word kwalik geneem daaroor of selfs die teiken word van die teisteraar of enige ander persoon wat in negatiewe terme na hom/haar verwys in die openbaar en hulle verkleineer.

Dit is ‘n oortreding om ‘n ander te viktimiseer want dit verhoed ander om ook na vore te kom en klagtes aanhangig te maak en negeer sodoende die beleid om seksuele teistering aan te spreek n te verhoed.

Hoekom slagoffers nie seksuele teistering wil aanmeld nie

- Hulle mag dalk verward, frustreerd en kwaad wees en nie weet hoe om die situasie te hanteer nie.
- Hulle is onseker hoe hulle ouers/die skoolhoof/maats sal reageer.
- Hulle weet nie of die skool/hulle ouers hulle sal ondersteun nie.
- Hulle voel verkleineerd.
- Hulle wil nie hê die teisteraar moet in die moeilikheid kom nie.
- Hulle is bang hulle privaatheid en vertroulikheid oor die saak sal geskend word
- Hulle is bang hulle is in die moeilikheid as hulle dit aanmeld.

(h) Seksuele teistering tydens buitemuurse aktiwiteite

Dit is noodsaaklik dat afrigters en opvoeders bewus is dat sekere handelinge soms verkeerdelik as seksuele teistering deur leerders en ander geïnterpreteer kan word. Sportafrigting van leerders of oefening of beoefening van kulturele aktiwiteite in die skoolverband moet met gesonde en positiewe interaksie tussen afrigters, opvoeders en leerders plaasvind.

Seksuele teistering van leerders betrokke by buitemuurse aktiwiteite sal soos met ander amptelike skoolaktiwiteite, nie geduld word nie. Sulke optredes is onprofessioneel en in die geval van opvoeders en afrigters verteenwoordig dit ‘n misbruik van professionele status, wedersydse vertroue en mag. Die spesiale band tussen afrigter/opvoeder en leerder plaas die onus op die volwassene om te alle tye verantwoordelik te wees en om te waak dat seksuele teistering tussen enige partye plaasvind tydens enige sport en/of kulturele aktiwiteit. Sulke gedrag moet ten strengste afgekeur word en aangespreek word. Daar rus dus ‘n onus ook op afrigters en opvoeders wat buitemuurse aktiwiteite aan bied om leerders daar op te wys dat seksuele treitering op die sportveld en in kultuurverband onaanvaarbaar is en nie geduld sal word nie.

(i) Voorbeelde van seksuele teistering tydens buitemuurse aktiwiteite kan die volgende insluit, maar is nie net beperk daartoe nie:

- ‘n Afrigter/opvoeder wat leerders “opdrag gee” om hom/haar te kom omhels of ‘n drukkie gee anders sal hulle nie in die volgende wedstryd speel of deel neem nie.
- ‘n Afrigter/opvoeder wat opmerkings maak in ‘n seksuele konnotasie oor ‘n ander se liggaamsbou, kenmerke of hulle kledingstukke.
- ‘n Leerder wat ‘n ander leerder treiter met seksuele grappe en/of opmerkings, handelinge en/of gebare.
- Afrigters/opvoeders en ander volwassenes wat “volwasse” grappe/stories/insidente in die teenwoordigheid en binne hoorafstand van leerders vertel.

(ii) Afrigters en opvoeders word dus daarop gewys dat vir hulle eie gemoedsrus en om onnodige en valse klagtes te voorkom, hulle te alle tye professioneel en korrek op tree in die volgende gevalle:

- Gebruik diskresie en goeie oordeel wanneer hulle hulself alleen bevind met ‘n leerder in ‘n een-tot-een situasie en wanneer leerders afgerig word. Poog om altyd binne sig (en hoor) afstand van ‘n kollega te wees.
- Moenie ‘n leerder onnodiglik aan raak nie, tensy dit noodsaaklik is om ‘n sekere vaardigheid of handeling te demonstreer.
- Probeer om nie alleen in ‘n voertuig met ‘n leerder te wees nie.
- Bly in aparte slaapkwartiere wanneer daar op toere gegaan word en neem meer as een volwassene saam om toesig te hou.
- Lig die leerders in oor seksuele teistering of reël dat ‘n persoon dit namens jou doen wat met gesag oor die onderwerp kan praat.
- Dokumenteer enige gedrag van leerders wat as seksuele teistering teenoor afrigters/opvoeders gerig word. Sluit die name van getuies in en hoe die situasie hanteer is. Lig die Adjunkhoof/hoof in oor die voorval.
- Lig leerders in dat hulle dadelik gevalle van seksuele teistering tydens ‘n sportaktiwiteit aan die skeidsregter moet rapporteer en indien hy/sy nie aksie neem nie, na afloop van die wedstryd dit aangemeld moet word by die betrokke afrigter/opvoeder wat die saak moet verder neem.
- Probeer om nie aanhoudend of oordadig geskenke, persoonlike notas/kaartjies, e-posse, SMSe aan leerders te stuur nie al is dit om aanmoediging en waardering te toon vir hulle goeie vordering, prestasies en vertoning.

17. ‘N LITMUS TOETS

In haar boek Sexual Harassment and Teens, stel die outeur Susan Strauss voor dat jy jouself die volgende vrae vra om jou te help om te besluit of ‘n handeling seksuele teistering is of daar aan grens:

- Is dit iets wat ek my ouers, vriende, broer, suster, eggenoot wil laat hoor?
- Is dit iets wat ek sal doen of sê as die persoon se eggenoot, vriend, kêrel, vriendin of toesighouer, medeleerders teenwoordig is?

- Sal ek my opmerkings of gedrag op TV of in enige koerant of tydskrif wil sien sodat my familie en vriende daarvan kennis neem?
- Is daar ‘n magsverskil tussen die ander persoon en myself?
- Is dit iets wat ek graag wil hê ‘n ander vir my ouers, vriendin, vriend of ander familielid sê, wys of aan hulle doen?

18. SEKSUELE AANRANDING/GEWELD

Fisiese teistering is onwelkome fisieke kontak/aanraking van ‘n ander persoon. Seksuele teistering kan maklik omskakel in seksuele aanranding wat ook ‘n kriminele oortreding is. Desnieteenstaande is die punt waar die teistering in aanranding omskakel nie altyd duidelik nie. Seksuele teistering is ‘n baie groter konsep as seksuele aanranding en sluit nie altyd fisiese kontak of dreigende dade in nie. Seksuele aanranding word gedek deur die kriminele reg en moet by die owerhede en die SA Polisiediens aangemeld word vir verdere optrede.

Seksuele aanranding/geweld sluit in maar is nie net beperk tot die volgende nie:

- Aanraking, gryp, vashou, knyp, byt, skop, slaan, lek of streel (of soortgelyke gedrag), met ‘n vinger druk, van ‘n ander se intieme skaamdele, of die persoon van ‘n teenoorgestelde of selfde geslag is, al dan nie.
- Oorreding, forseer of poging om ‘n ander to oorreed of te forseer om ‘n ander of hulle eie geslagsdele aan te raak op enige wyse soos hierbo beskryf of met enige ander voorwerp.
- Oorreding, forseer of poging om ander te forseer om seksuele ‘n daad van watter aard ookal met ander of op hulself te pleeg.
- Dreig of ander te forseer, te oorreed of poog om dit te doen om enige immorele seksuele daad op watter wyse ookal te pleeg.
- ‘n Daad wat gerig daarop is om vrees/intimidasie/trauma by ander te laat ontstaan wat kan lei tot beserings, psigiese ongesteldheid of selfs die dood.
- Die intensionele besering/aanranding van ‘n ander met die doel om ‘n ander leed aan te doen met ‘n seksuele ondertoon.
- Dreigemente om die ander persoon te beseer/aan te rand en om die geleentheid daar toe te hê.
- Seksuele dade met ‘n voorwerp pleeg of ‘n ander dwing met ‘n wapen, mes of ander gevaarlike item om ‘n daad te pleeg of hulle te onderwerp aan so ‘n daad.

19. GEDRAG WAT NIE AS SEKSUELE TEISTERING GEREKEN WORD NIE

Nie-seksuele teistering sluit nie-seksuele aanraking of gedrag in. Byvoorbeeld waar ‘n afrigter ‘n leerder omhels om hom/haar geluk te wens met ‘n prestasie of waar ‘n leerder ‘n ander groet en omhels en die daad wederkerig is, of waar ‘n leerder ‘n ander ondersteun as hulle beseer is of hartseer is. Insgelyks waar ‘n opvoeder of mede-leerder ‘n sporttaktiek of oefening demonstreer en dit fisiese aanraking behels.

Verder sluit dit gedrag in waar dit nodig is om minimum fisiese dwang toe te pas op ‘n leerder of ander persoon om die leerder persoon te verhoed om hulself of ander te beseer of enige skade aan te rig. Met die toepassing van minimum fisiese dwang moet daar gewaak word teen die ontoepaslike aanraking van sekere liggaamsdele.

Kommentaar op ‘n persoon se persoonlike voorkoms is nie altyd seksuele teistering nie. Dit hang egter af vanaf die konteks en wat dit vir die ander persoon beteken op wie dit gerig is. So is die aanspreek van ‘n leerder oor sy/haar kleredrag (skooluniform en gewone kleredrag) of haarstyl en algemene voorkoms wat teenstrydig is met die skool se kleredrag en voorkomsbeleid en gedragskode nie seksuele teistering nie.

Daar is ook ‘n verskil tussen teistering en wederkerige flankeer.

(a) Seksuele teistering is nie:

- ‘n Vriendelike omhelsing tussen vriende of ‘n opvoeder en ‘n leerder waar ander dit kan waarneem en kan sien dat daar nie seksuele teisteringsgedrag plaasvind nie.
- ‘n Oor-en-weer flankeerdery of opregte persoonlike komplimentering.

(b) Die verskil tussen emosies wat met seksuele teistering en flankeer geassossieer kan word:

TEISTERING	FLANKEER
Laat my ongemaklik voel	Laat my goed voel
Eensydig	Wederkerig
Voel onaantreklik	Voel aantreklik
Afbrekend	Komplimenterend
Magteloos	In beheer
Magsbasis	Eweredig
Negatiewe aanraking	Positiewe aanraking
Ongevraagd	Wil dit hê
Inbreuk maak op persoonlike ruimte	Oop ruimte in persoonlike spasie
Afbrekend	Gevlei
Hartseer/kwaad	Gelukkig
Negatiewe selfbeeld	Positiewe selfbeeld
Voel negatief	Voel gevlei
Voel magteloos	Is in beheer

20. VERTROULIKHEID IN ONDERSOEKE VAN KLAGTES/VOORVALLE

Vertroulikheid en die privaatheid van die wat betrokke is in ‘n ondersoek sal gerespekteer en gehandhaaf word. Persone wat die vertroulikheid skaad en voortydig die naam van enige persoon betrokke bekend maak of oor ‘n saak met ander partye bespreek sal ook ondersoek word en sal dissiplinêre stappe teen hulle geneem word.

21. AANMELDING VAN INSIDENTE VAN SEKSUELE TEISTERING

Alle aanmeldings van seksuele teistering moet spoedig ondersoek word.

(a) Leerders

Enige leerder wat ‘n redelike vermoede het of oortuig is daarvan is dat hy/sy geteister word of geteister is ingevolge hierdie beleid, of wat ‘n ooggetuie is waar ‘n ander leerder geteister was/word, moet die insident so gou as moontlik by die opvoeder aan diens

(tydens pouse) of aan hulle klasvoog of enige ander opvoeder aanmeld wat dadelik die insident moet ondersoek en by die graadhoof/ adjunkhoof moet aanmeld.

(b) Opvoeders en Skoolpersoneel

Enige opvoeder of ander skoolpersoneellid wat ‘n redelike vermoede het of oortuig is daarvan is dat hy/sy ‘n insident van teistering waargeneem het, moet dadelik redelike optrede neem om sodanige gedrag te verhoed, stop te sit en dit by die graadhoof/adjunkhoof aanmeld.

Enige opvoeder en/of personeellid wat toevallig hoor of direkte inligting ontvang oor gedrag wat as teistering mag geld, sal dadelik die inligting oordra aan die graadhoof/adjunkhoof. Indien ‘n opvoeder/personeellid betrokke is by teistering waaroor inligting ontvang is, sal dit dadelik by die hoof aangemeld word.

(c) Ander aanmelding

Enige ander persoon wat ‘n redelike vermoede het of oortuig daarvan is dat hy/sy ‘n insident van teistering waargeneem het of waarneem ingevolge hierdie beleid moet dit dadelik aanmeld by die graadhoof/adjunkhoof.

(d) Dokumentasie van die aanmelding

Indien die klag mondelings aangemeld word, moet die graadhoof/adjunkhoof dadelik geskrewe verslag (sien die aanmeldingsvorm Bylae A) voltooi.

(e) Valse klagtes

Enige persoon wat willens en wetens ‘n valse klagte/verklaring indien of aflê oor enige teisteringsinsident sal onderhewig wees aan dissiplinêre stappe of selfs siviele klagtes of klagtes van crimen injuria. Daar sal geen nadelige stappe geneem word teen enige persoon wanneer dit bewys kan word dat die persoon ter goeder trou opgetree het om die klag in te dien.

22. DIE ONDERSOEK VAN ‘N KLAG VAN SEKSUELE TEISTERING

22.1 Om te bewys dat seksuele teistering wel plaasgevind het is nie maklik nie. Dit is dikwels die woord van een persoon teenoor ‘n ander. Daar mag dalk geen getuies wees dat dit wel plaasgevind het nie, of indien enige wil die getuies dalk uit vrees vir intimidasie of viktimisering of ander omstandighede nie gewillig wees om te getuig teenoor die teisteraar nie. Waar klagtes van seksuele teistering aanhangig gemaak word is dit nie altyd noodsaaklik dat daar getuies moet wees nie maar dit kan ‘n klaer se saak bevoordeel.

In die meeste gevalle is daar nie getuies nie, daarom is dit dikwels net die klaer en aangeklaagde wat by die saak betrokke is. Amper alle sake word gewen of verloor op die geloofwaardigheid van die getuienis van die klaer of die aangeklaagde. In ander woorde die getuienis moet so eerlik as moontlik die weergawe getrou en feitlik weergee.

21.2 In die ondersoek van ‘n saak moet die volgende stappe gevolg word:

a) Die skool moet dadelik stappe neem om die identiteit van die betrokke partye te beskerm tot nadat die ondersoek afgehandel is en dan moet die hoof sy diskresie gebruik om die geval bekend te maak al dan nie, en tot watter vlak.
b) Die hoof mag, afhangende van die graad van die klag:
    - Die saak informeel oplos deur mediasie.
    - Of die klag verder voer deur ‘n ondersoeker aan te stel wat die saak verder moet ondersoek ingevolge die riglyne in die beleid.
c) Die ondersoek moet so gou doenlik afgehandel word en die uitslag aan die bestuurspan en die beheerliggaam voorgelê word en daar moet so gou as moontlik op verdere stappe indien enige besluit word. .
d) Die ondersoeker van ‘n klag moet met sorg aangewys word, en in die skool verband verkieslik die skool se maatskaplike werker of ‘n opvoeder wat ondervinding het in ouerbegeleiding en wat op ‘n onbevooroordeelde wyse die ondersoek kan lei. (Sien aanstellingsvorm Bylae B).
e) Dit is verkieslik, maar nie verpligtend nie dat die voorgeskrewe klagvorm ingevul sal word deur die persoon by wie die klag eerstens aanhangig gemaak is. Hierdie vorm sal die basis wees vir die gevolglike ondersoek. (Die proses moet met die nodige eerbied en menswaardigheid hanteer word).
f) Die persoon moet die vertroue van die opvoeder, personeel, die leerders en die ouers geniet sodat die partye betrokke vrylik en openlik hulle kante van die saak kan stel.
g) Die persoon moet ook verkieslik in ‘n posisie van gesag of respek beklee in die skoolopset sodat sy/haar bevindinge met die nodige erns en geloofwaardigheid deur die skoolgemeenskap aanvaar sal word.
h) Die persoon moet ook met die nodige hulpbronne voorsien word om die ondersoek te kan doen (‘n geskikte plek om onderhoude te voer, rekenaar fasiliteite ens.)
i) Die ondersoeker moet deurgaans die omstandighede wat gelei het tot die klag, die aard en omvang van die gedrag, soortgelyke insidente in die verlede wat dalk deur ander gepleeg is, die verhoudings tussen die partye (bv. is dit vriendelik, is dit altyd vyandig teenoor mekaar, jaloesie) en die konteks waarin die voorval plaasgevind het en die ouderdomme en magshiërargie in die voorval, in aanmerking neem.
j) Die Distriksdirekteur moet deurlopend op hoogte gehou word indien daar ‘n prima facie saak blyk te wees, en mag die SA Polisiediens se kinderbeskermingseenheid en die maatskaplike werkers ook betrek word indien daar elemente van kriminele gedrag betrokke is.
k) Die bepalings van die Wet op Seksuele Oortredings wat betref leerders onder die ouderdom van 12 jaar moet ook in ag geneem word asook ander bepalings. Kinders onder die ouderdom van 12 jaar kan nie toestemming gee tot enige seksuele daad nie.

23. RIGLYNE VIR DIE ONDERSOEK IN GEVAL VAN SEKSUELE TEISTERING

23.1 Om vas te stel of ‘n voorval van teistering plaasgevind het moet die volgende faktore eerstens in ag geneem word –

a. die omstandighede wat gelei het tot die klag
b. die aard van die seksuele toenadering wat gemaak is

c. die verhoudings tussen die partye
d. die ouderdom van die partye
e. die konteks waarin die voorval(le) plaasgevind het.

23.2 Om vas te stel of ‘n insident as seksuele teistering/geweld beskou kan word, moet al die feite rondom ‘n saak deeglik oorweeg word in die ondersoek daarvan.

23.3 Die klaer/klaagster moet ondervra word in ‘n private fasiliteit.

23.4 Die regte van alle partye moet ooreenkomstig die skool se dissiplinêre gedragskode eerbiedig word en daarvolgens opgetree word.

23.5 Die ondervraging moet in ‘n onbevooroordeelde manier plaasvind, sonder om enige leidende vrae te vra. Openbaarmaking van ‘n insident kan ‘n baie traumatiese ervaring wees. Die klaer kan sekondêr deur die ondervraging getraumatiseer word en daar moet voorkom word dat enige emosionele leed aan die klaer verder verrig word. Die besonderhede van die insident moet aan so min as moontlik persone bekend gemaak word indien dit later dalk kan lei tot ‘n kriminele klag.

23.6 Moenie aandring om fisiese bewyse van aanranding te sien nie.

23.7 Moenie in die geval van seksuele geweld/aanranding die klaer ondersoek, sy/haar kledingstukke ondersoek of verwyder of enige liggaamsdeel of skaamdele ondersoek of aanraak nie. Die klaer moet dadelik geneem word vir professionele evaluasie deur die SA Polisie en ‘n mediese praktisyn.

23.8 In die geval van seksuele aanranding moet nie probeer om ‘n verklaring af te neem nie, dit is die werk van die SA Polisiediens.

23.9 Vertoon empatie, warmte en aanvaarding met die slagoffer(s). Reël vir berading van die klaer en aangeklaagde asook vir ander leerders en personeel wat dit dalk mag benodig.

23.10 Verseker die klaer dat alles moontlik gedoen sal word om sy/haar veiligheid te verseker teen verdere optredes van die aangeklaagde. Ondersteuning van die partye is nodig regdeur die proses.

23.11 Vermy enige vrae oor die seksuele geskiedenis van die betrokke partye (al is dit bekend), of om enige beloftes te maak of om oplossings aan te bied om die saak uit te klaar.

23.12 Moenie aan die klaer/klaagster bekend maak dat die beweerde oortreder/ beskuldigde ook sulke oortredings teenoor ander gepleeg het nie.

23.13 Moenie beloftes van absolute vertroulikheid maak nie want die ondersoeker sal dalk feite oor die aangeleentheid in sy/haar verslag bekend moet maak aan die skoolbestuur wat die saak verder sal moet voer op ‘n verantwoordelike wyse.

23.14 Verkry alle tersaaklike besonderhede – wat, waar, wanneer die beweerde daad/dade plaasgevind het, die klaer/klaagster se reaksie en die name van persone met wie die klaer/klaagster gepraat het voordat die saak aangemeld is, die name van enige ooggetuies en ander getuies.

23.15 Verkry kopieë van enige tersaaklike dokumentasie, die profielleêrs en gedragsleêrs van al die leerders betrokke.

23.16 Die impak van die voorval(le) op die klaer/klaagster.

23.17 Watter aksies/uitkomste die klaer/klaagster wil hê moet geneem word om die saak af te handel.

23.18 Die beweerde beskuldigde/teisteraar moet ook in ‘n private fasiliteit ondervra word.

23.19 Moenie ouers/voogde/volwassenes/leerders konfronteer indien hulle verdink word as die oortreders in die geval van seksuele aanranding nie.

23.20 Die ondervraging van die beweerde beskuldigde/teisteraar moet op ‘n onbevooroordeelde wyse geskied.
23.21 Een van die ouers van die klaer/klaagster of ‘n persoon deur die klaer/klaagster vooraf aangewys, mag teenwoordig wees tydens ondervraging maar mag nie in die proses inmeng of tussenwerpsels maak of poog om die klaer/klaagster te beïnvloed om vrae op ‘n sekere wyse te beantwoord nie. Dieselfde geld vir die ondervragingsproses van die beweerde beskuldigde/teisteraar.
23.22 Die beweerde beskuldigde/teisteraar en sy/haar ouer(s) moet versoek word om vertroulikheid te eerbiedig en gewaarsku word in hy/sy poog om enige getuies of die klaer/klaagster te verkry of kontak te maak met die leerder of te intimideer, dit sal lei tot verdere optrede. Dieselfde geld vir die klaer/ klaagster. Moet onder geen omstandighede die insident met die aangeklaagde bespreek totdat die formele ondersoek begin het nie.
23.23 Dieselfde prosedures hierbo vermeld, geld vir enige getuies in ‘n saak.
23.24 Ander rolspelers betrokke wat dalk ook gekontak moet word: Die Department van Maatskaplike ontwikkeling, ‘n plaaslike welsynsorganisasie, die skool se maatskaplike werker, die distrikskantoor, die kinderbeskermingseenheid, die plaaslike Polisiestasie, die ouers van al die partye, die Department van Gesondheid/plaaslike kliniek, skool se mediese parktisyn, skool se regsverteenwoordiger.

24. ALTERNATIEWE DISPUUTMEGANISME

Tydens all die vlakke van die ondersoek mag die ondersoeker die partye versoek dat ‘n alternatiewe dispuut meganisme gevolg word soos mediasie, om klagtes op te los en te skik tot bevrediging van alle partye.

Die volgende moet oorweeg word alvorens alternatiewe dispuut meganismes voorgestel word of gevolg word:

a) Die aard en omvang van die klagte(s).
b) Die ouderdome van klaer en die aangeklaagde.
c) Die instemming van die aanklaer en sy ouers om ‘n alternatiewe dispuut meganisme te volg.
d) Ander relevante faktore soos enige gebrek van die slagoffer(s), veiligheid en sekuriteitskwessies betrokke van die klaers(s) en die skoolgemeenskap, die verhouding tussen die klaer en aangeklaagde, indien die aangeklaagde ‘n geskiedenis het van seksuele teistering en/of ander wandade teenoor ander.

Indien ‘n alternatiewe dispuut meganisme, nadat bogenoemde faktore in ag geneem is, nie van toepassing is nie, of nie slaag nie, sal die ondersoeker voortgaan met die ondersoek ingevolge die ander riglyne in die beleid en sy/haar ondersoek so spoedig moontlik af handel en aan die skoolhoof rapporteer wat die saak eerstens aan die Beheerliggaam sal rapporteer alvorens enige ander stappe geneem word.

25. INDIEN DIE UITSLAG VAN ‘N KLAG GEREGVERDIG BLYK TE WEES - SANKSIES

Indien die uitslag van ‘n ondersoek duidelik toon dat seksuele teistering plaasgevind het soos beweer is, sal die skool spoedige en toepaslike sanksies of strawwe oplê wat die volgende insluit, maar daar moet ingedagte gehou word dat enige gegriefde party die saak verder mag neem buite die skoolverband:

a) Die beskuldigde moet ‘n skriftelike verskoning aan die klaer/klaagster skryf.
b) Die straf mag lei tot skorsing of selfs uitsetting uit die skool
c) Die verbeuring van sekere regte en voorregte in die skoolverband
d) Detensie.
e) Verdere kriminele klagtes en/of siviele regaksie mag ook volg.
f) Indien die teisteraar ‘n opvoeder/personneellid is dan sal die saak ingevolge die departementele proses hanteer word of ‘n Beheerliggaampos beklee dan sal die proses verder in terme van arbeidswetgewing hanteer word.
g) Die fisiese verwydering/skoonmaak van vulgêre of aanstootlike grafitti en ander skoonmaak prosedures in kleedkamers/klaskamers en ander plekke op die skoolterrein.
h) Die skryf van ‘n opstel en voordrag daarvan om ander leerders in te lig waarom seksuele teistering ‘n onaanvaarbarte gedrag is.
i) Persoonlike onderhoude met ouers/voogde met betrekking tot enige maatskaplike dienste en sielkundige terapie
j) Die betrekking van die SAPS indien ‘n misdryf ingevolge die Wet op Seksuele Oortredings begaan is.
k) Berading deur die skool se maatskaplike werker aan albei partye en hulle ouers.

26. APPéL PROSEDURE

Enige leerder of persoon wat skuldig bevind word dat hy/sy hierdie beleid oortree het mag appél aanteken by die skoolhoof of die Distriksdirekteur soos enige ander appélle waartydens dissiplinêre stappe betrokke is.

27. ONAFHANKLIKE HERSIENING VAN ‘N UITSLAG

Enige klaer/aangeklaagde kan ‘n onafhanklike hersiening van ‘n uitslag deur ‘n buite derde party (Wat vir die skool ook aanvaarbaar is) aanvra. Die koste van die derde party sal egter deur die persoon of indien dit ‘n leerder is sy/haar ouers, gedra word en sal die skool nie aanspreklik gehou word vir enige kostes nie.

Die hersiening mag aangevra word indien

a) Hy/sy oortuig is dat die ondersoeker nie korrek opgetree het nie of die klag verkeerd geanaliseer en geintepreteer is en dat die ondersoeker bevind het, dat geen daad van seksuele teistering plaasgevind het nie.
b) Nie tevrede is met die finale uitslag/bevindinge van die ondersoek indien seksuele teistering plaasgevind het, al dan nie.
c) Is van mening dat alhoewel daar bevind is dat seksuele teistering wel plaasgevind het, die skool se optrede teen die aangeklaagde onvanpas was.

‘n Aansoek om hersiening sal op skrif met die tersaaklike redes waarom, aan die Beheerliggaam gerig word, wat die saak sal oorweeg.

28. VERTROULIKHEID EN REKORDHOUDING

Die privaatheid en die indentiteit, geslag en ouderdom van die partye betrokke sal regdeur die ondersoek en selfs nadat die finale uitslag bekend is gehandhaaf word en sal net aan die SA Polisie en die Distriksdirekteur bekend gemaak word.

Die skoolhoof sal verseker dat dat enige rekord van ‘n aanklag, die ondersoek en die finale uitslag en enige dissiplinêre optrede/stappe gehou word en geberg word op so ‘n wyse dat dit net aan gemagtigde persone beskikbaar is. Die volledige rekord leêr en alle dokumentasie betrokke sal ten minste vir ‘n periode van ses jaar geberg word waarna dit met die toestemming van die beheerliggaam vernietig mag word.

29. DIE SAAK IS VERBY WAT NOU?

Een van die ergste gevolge van seksuele teistering is dat die teisteraar (in die meeste gevalle) nog steeds daar is as die saak afgehandel is. Dit kan uiters stresvol en traumaties vir die geteisterde wees - selfs al is die teistering gestaak. Daarom is dit belangrik dat die slagoffer berading ontvang en ook emosioneel ondersteun word deur vriende en sy/haar ouers en die skool ook simpatiek gesind moet wees. Dit beteken egter nie dat die slagoffer die insident kan gebruik as ‘n verskoning vir swak prestasie of ongeoorloofde gedrag nie. Net so moet die teisteraar ook berading ontvang (in die geval van ‘n mede-leerder) om hom/haar/hulle te wys op die verkeerde gedrag, waarom dit ontoepaslik is en waarom dit onwettig is.

30. BEKENDMAKING VAN DIE IMPLIKASIES VAN DIE BELEID AAN BELANGHEBBENDES IN DIE SKOOLGEMEENSKAP

Daar moet seker gemaak word dat die opvoeders, ouers en leerders deeglik bewus is van die beleid en wat as seksuele teistering gereken word. Algemene gedragsprobleme moet nie oor die kam van seksuele teistering geskeer word nie. Die dun skeidslyn moet duidelik uitgespel word.

Om net bloot ‘n beleid te hê, is nie genoeg om te verseker dat die skool aan die betrokke wetlike raamwerk voldoen nie. Daarom is daar spesifieke prosedures vir ondersoeke, wat die skool as sodanige gedrag beskou en dat almal ingelig moet word in die beleid uiteengesit.

Die beleid, sy oogmerke en uitkomste moet aan ouers bekend gemaak word tydens oueraande en ander geleenthede. Afdrukke van die beleid is beskikbaar teen die vasgestelde tarief by die skoolkantoor en moet jaarliks deur die beheerliggaam hersien word.

Die beleid vorm deel van die skool se gedrag – en dissiplinêre kode en dus is elke leerder, opvoeder en personeellid van die skool, ongeag hulle ouderdom en graad, onderworpe daaraan. Leerders het die reg om in ‘n geborge en veilige omgewing wat vir leer en opvoeding bevorderlik is, skool onderrig te ontvang.

31. HERSIENING VAN DIE BELEID

Die beleid sal ten minste elke drie jaar hersien word om aan die nuutste onderwysbeleid en algemene wetgewing van die land te voldoen.

GOEDKEURING VAN DIE BELEID

Geteken te Pretoria op hierdie 17de dag van Februarie 2022.

Dr Chris Ackerman
Beheerliggaamvoorsitter



Mr Johan Furstenberg
Skoolhoof

BRONNELYS:

Alberta Civil Liberties Research Centre	Sexual Harassment In School Your Rights and Responsibilities
American Civil Liberties Union of Ohio Foundation	Sexual Harassment at School A guide for teens
Harvard law School	Harvard Law School Sexual Harassment Guidelines
Human Rights Watch	Report on Sexual Harrassment and Violence in South African Schools
Independent School District 593, USA	Sexual Harassment and Sexual Violence
McMillen A	When Flirting Turns Fierce: Sexual Harassment in Schools The High School Journal (Oct/Nov 2007)
Murnen Sarah K. (2000)	The Experience of Sexual Harassment Among Grade-School Students: Early Socialization of Female Subordination? Sex Roles: A Journal of Research
Naylor N, Education Rights Project Centre for Applied Legal Studies and Education Policy Unit University of the Witwatersrand	Prohibiting the Ongoing Sexual Harassment of and Sexual Violence Against Learners
National Association of State Boards of Education, Alexandria, Virginia	Sexual Harassment in Schools – A Policy Guide
National Federation of State High School Associations, Indiana USA	Sexual Harassment and Hazing Your Actions Make a Difference!
Stein Nan, Wellesley College Center For Research on Women (July 1999)	Incidence and Implications of Sexual Harassment and Sexual Violence in K-12 Schools
Strauss S, Principal Magazine September 1994	Sexual Harassment at an Early Age
Stanford University	Policy on Sexual Harassment and Consensual Sexual or Romantic Relationships

Universiteit van Stellenbosch	Beleid oor Seksuele Teistering Administrative Guide Memo 23.2
US Department of Education Office for Civil Rights	Sexual Harassment Guidance 1997
	Protecting Students from Harassment and Hate Crimes A Guide for Schools 1999
Vermont Department of Education	Policy on Prevention of Harassment of Students
Westwarwick Public Schools Department	Sexual Harassment Policy
Western Cape Education Department	Abuse No More: Dealing Effectively with Child Abuse

Bylaag A

VERTROULIK

SEKSUELE TEISTERING - AANMELDINGSVORM

Klaer/Klaagster _____
Graad _____
Voogopvoeder_____
Naam van Ouer _____
Kontaknommer van Ouer _____
Ouer is van klag in kennis gestel Ja/Nee indien Ja wanneer _____
Naam van persoon wat na bewering die daad van seksuele teistering gepleeg het: _____
Indien onbekend: Wat was die fisieke kenmerke van die persoon, geslag, ouderdom naastenby, lengte, kleredrag ens.
_____
_____
_____
Naam/Name van enige getuies
_____
_____
Vir wie almal het die klaer van die insident vertel en die verwantskap met die klaer
_____
_____
Waneer het die insident(e) plaasgevind:
Datum(s)_____
Tyd/Tye_____
Waar (plek(ke)) het die insident(e) plaasgevind?
_____
_____
_____
Beskryf die insident(e) so duidelik as moontlik insluitende die graad van geweld/krag wat gebruik is, indien enige, wat gesê is (d.i. dreigemente, versoek(e), eise gestel ens. Vooraf en tydens die insident), fisieke kontak wat betrokke was, wat het jy gedoen om die insidente te voorkom ens. Is enige dreigemente geuiter? (Gebruik addisionele blaaie indien nodig)
_____
_____
_____
_____
_____

Het dit al voorheen gebeur? Indien wel waar en wanneer?
_____
_____
_____

_____
_____

Hierdie klag is ingedien omdat ek oortuig is dat ‘n daad van seksuele teistering/ geweld teenoor my gepleeg is. Ek sertifiseer ook dat die klag waar is, korrek is na die beste van my kennis en gewete

Handtekening van klaer/klaagster Datum

Indien die klaer/klaagster in die Junior grade is kan die vorm deur die persoon wat die klag afneem gesertifiseer word. Die persoon wat die klag afneem/ ontvang moet aan die klaer/klaagster verduidelik wat sal gebeur indien hulle ‘n vals klag indien.

Klagstaat afgeneem deur _____

Datum

Persoon wat klagstaat in ontvangs neem_____

Datum

Bylaag B

AANSTELLING VAN 'N ONDERSOEKER

Hiermee word …….. deur die Beheerliggaam van Hoërskool Tuine aangestel om die aanklag soos uiteengesit in die aangehegte verslag vorm, te ondersoek, persone betrokke te ondervra en op skrif te stel, waarna hy/sy so gou doenlik hulle verslag met aanbevelings aan die beheerliggaam sal voorlê.

Geteken op hierdie …….. dag van …….. te ……..

VOORSITTER BEHEERLIGGAAM
DATUM

Hiermee erken ek …….. ontvangs van die bogenoemde aanstelling en aanvaar ek / aanvaar ek nie,* die opdrag aan my om die voorval soos in die aangehegte verslag te ondersoek . Ek onderneem om te alle tye die ondersoek as hoogs vertroulik te hanteer en alle dokumentasie en inligting aan my toevertrou/openbaar met die nodige vertroulikheid te hanteer sodat ander ongemagtigde persone nie toegang tot sodanige dokumente het voor, tydens en nadat die uitslag bekend is.

HANDTEKENING
DATUM
*** skrap wat nie van toepassing is nie**

Bylae C

JOU REGTE

As ‘n leerder van Hoërskool Tuine het jy die reg om beskerm te word teen seksuele teistering.
Daarom het die skool ‘n beleid oor seksuele teistering, wat dit beskryf en wat aandui hoe klagtes ondersoek sal word en verduidelik en hoe jy klagtes oor seksuele teistering kan indien.

Jy het die reg om te weet wat staan in die skool se beleid oor seksuele teistering
Die beleid sal aan jou verduidelik word deur jou opvoeder en ook beskikbaar wees in die kantoor as jou ouers daarna wil kyk.

Jy het die reg om ernstig opgeneem te word deur die leiers, opvoeders en personeel van die skool as jy ‘n klag indien.
Enigeen by wie jy ‘n klag wil indien moet dit ernstig opneem – opvoeder, afrigter, leier, kantoortannie, naskooltannies – wat op die klag moet reageer en dit by die Graadhoof/Adjunkhoof moet aanmeld vir verder ondersoek.

Jy het die reg om ingelig te word oor die vordering van die ondersoek oor jou klag.
Die persoon wat aangewys is om ondersoek te doen oor jou klag, moet jou vertel wat gebeur het om die klagte op te los.

Jy het die reg op vertroulikheid.
Niemand wat weet van jou klag nie, mag dit aan ander wat nie direk by die ondersoek betrokke is nie, vertel of bespreek nie.

Jy het die reg dat jou naam nie bekend gemaak mag word nie.
Indien jy ‘n klag anoniem indien, sal dit nog steeds ondersoek word. Indien jy egter ‘n formele klag ingedien het sal jou naam ook nie aan buitestaanders bekend gemaak word tydens die hele proses nie en ook nie daarna nie.

Jy het die reg daarop dat daar nie vergelding teen jou geneem word nie.
Die wette en skoolreëls wat jou beskerm teen seksuele teistering beskerm jou ook van enige vergelding as jy dit aanmeld. Die hoof en ander opvoeders moet alles in hulle vermoë doen om jou te beskerm teen ander en seker te maak dat jy nie in ‘n posisie geplaas word waar daar teen jou opgetree kan word in vergeldingsaanvalle nie.

Bylae D

JOU VERANTWOORDELIKHEDE

As ‘n leerder van Hoërskool Tuine, rus die verantwoordelikheid op jou om nie ongevraagde en onwelkome seksuele teistering op ander toe te pas of dit te verdra nie.
Jy moet dit noem as leerders aan ontoepaslike gedrag seksuele gedrag onderwerp word, indien jy die veilig kan doen, en ook dit later aan te meld by jou opvoeder.

Jy is verantwoordelik daarvoor dat elke opvallende insident en minder opvallende insidente oor seksuele teistering aan te meld by jou opvoeder of die persoon wat in beheer is by ‘n spesifieke aktiwiteit.
Indien jy onseker is of ‘n insident aangemeld moet word vra jou opvoeder of die persoon in beheer of dit nodig is om dit aan te meld, maar moenie stories aandra en gerugte versprei nie.

Jy het die verantwoordelikheid om eerlik en opreg insidente oor seksuele teistering aan te meld.
Moet nooit valse verklarings of bewerings maak oor ‘n ander nie, maak nie saak hoe min jy van ‘n ander hou nie of jy hulle wil terugkry vir iets wat hulle aan jou gedoen het nie. Om van seksuele teistering beskuldig te word is ‘n baie ernstige oortreding vir enige leerder of volwassene. Die lewe van ‘n persoon kan vir altyd geruineer word. Jy en jou ouers kan ook vir laster gedagvaar word of jy kan van meineed, wat ‘n kriminele oortreding is, deur die Polisie aangekla word. Seksuele teistering is ‘n ernstige saak. Eerlikheid is daarom baie belangrik vir die beskerming vir almal betrokke.